| Centre Number | Candidate Number | Candidate Name |
|---|---|---|
| | | |

**NAMIBIA SENIOR SECONDARY CERTIFICATE**

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE ORDINARY LEVEL** **4115/1**

PAPER 1 Reading and Directed Writing (Core) 1 hour 45 minutes

Marks 60 **2017**

No Additional Materials are required.

## INSTRUCTIONS AND INFORMATION FOR CANDIDATES

- Candidates answer on the Question Paper in the spaces provided.
- Write your Centre Number, Candidate Number and Name in the spaces at the top of this page.
- Write in dark blue or black pen.
- Do not use correction fluid.
- Do not write in the margin *For Examiner's Use*.
- Answer **all** questions.
- The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING VIR KANDIDATE

- Kandidate antwoord op die vraestel in die spasies wat voorsien is.
- Skryf jou Sentrumnommer, Kandidaatnommer en Naam in die spasies bo-aan hierdie bladsy.
- Skryf met 'n donkerblou of swart pen.
- Moenie vloeibare uitwisser gebruik nie.
- Moenie in die kantlyn *For Examiner's Use* skryf nie.
- Beantwoord **alle** vrae.
- Die aantal punte word tussen hakies [ ] aan die einde van elke vraag of deel van 'n vraag gegee.

| For Examiner's Use | | |
|---|---|---|
| **Afdeling 1** | Oefening 1 | |
| | Oefening 2 | |
| | Oefening 3 | |
| **Afdeling 2** | Oefening 1 | |
| | Oefening 2 | |
| | Oefening 3 | |
| **Afdeling 3** | Oefening 1 | |
| | Oefening 2 | |
| | **Totaal** | |

| | |
|---|---|
| *Marker* | |
| *Checker* | |

ORDINARY LEVEL CORE

This document consists of **17** printed pages and **3** blank pages.

**Republic of Namibia**

**MINISTRY OF EDUCATION, ARTS AND CULTURE**

## AFDELING 1

**Oefening 1: Vrae 1 – 4**

Lees die interessante inligting oor kool en die resep beantwoord Vrae **1 – 4** deur middel van soeklees.



**KOOL – DIE MOET-EET-BESTANDDEEL VAN DIE JAAR**

**Ken jou kool**

**Savoje** – Jy kry groot en klein Savoje-koolkoppe. Die ferm blare maak dit perfek vir oondbraai, stoom of stowe.

**Groenkool** – Dis seker die bekendste kool in ons huise. Daar is ook 'n pers variëteit van hierdie soort kool. Gebruik dit in bredies of rou vir slaai.

**Krulkool** – Rooster dit in die oond vir bros tjips of gebruik in soppe en bredies. Die kool groei in los blare eerder as koppe, soos ander soorte kool.

**Chinese kool** – Dit het sagte pap blare met die voorkoms van slaaiblare en kan rou geëet of vinnig geroerbraai word.

**Blomkool** – Die wit "blommetjies" maak dit baie aantreklik. Dis heerlik as bykos saam met vleis of vis, maar kan ook in sop gebruik word.

**Maklike blomkoolsop**

Bestanddele:
45 ml olyfolie
1 gekapte ui
500 g blomkool (vars of bevrore)
500 ml hoenderaftreksel
250 ml melk
15 ml rissievlokkies
sout en peper

Metode: Verhit die olie in 'n groot pot. Voeg die ui by en roerbraai 2 minute. Verlaag die hitte en voeg die blomkool by. Maak toe met 'n deksel en laat stoom 8 – 10 minute of tot geurig. Voeg die hoenderaftreksel, melk en rissievlokkies by. Laat kook oop tot die vloeistof met 'n derde verminder het. Verpulp die sop tot 'n gladde mengsel. Geur met sout en peper. Sit voor.

*(Verwerk uit Sarie Junie 2015)*

For Examiner's Use

**1** Watter soort kool word heel moontlik die meeste geëet?

.................................................................................................................... [1]

**2** Noem **twee** soorte kool wat in sop gebruik word.

.................................................................................................................... [2]

**3** Noem **twee** vloeistowwe wat in blomkoolsop gebruik word.

.................................................................................................................... [1]


**4** Wat gebeur met die sop as dit oop gekook word?

.................................................................................................................... [1]

**[5]**

**Oefening 2: Vrae 5 – 8**

Lees die volgende artikel oor die verskillende dele van 'n hoender en beantwoord die vrae.




<table>
<tr><td colspan="2">

**Ken jou hoender**

'n Perfekte, geroosterde heel oondhoender met vlerkies op stokkies smaak lekker met braaibroodjies. Of jy nou gaste oornooi vir ete of kos maak vir jou gesin, dié staatmaker sorg vir 'n heerlike ete elke keer.

</td></tr>
<tr><td>

**Heel hoender**

Rooster is een van die beste gaarmaakmetodes vir 'n heel hoender. Dit gee die vleis 'n lieflike geur en bros vel.

**Borsies**

Geneig om 'n bietjie droog te wees wanneer dit oorgaar gemaak word, maar beslis een van die gewildste en mees bruikbare snitte. Panbraai of rooster gee die beste resultate. Dis ook die vleis wat jy vir gevulde hoender gebruik.

**Dye**

Die vleis is donkerder en geuriger as die borsies en is veral lekker wanneer dit by 'n hoë temperatuur in die oond gaargemaak word. Koop dit ook ontbeen vir bredies en kerries.

</td><td>

**Boudjies**

Dié deel is ook donker en geurig, maar het minder vleis as dye. Jy kan dit diepbraai of bak.

**Vlerkies**

'n Gewilde versnapering wat by hoër temperature (bo 200˚C) gebak of gerooster kan word. Gebruik dit ook om aftreksel en sop te maak.

**Pootjies**

Nie 'n deel van die hoender wat ons sommer eet nie, maar beslis een wat te min gebruik word. Dit maak heerlike aftreksel. Rooster dit eers goudbruin in 'n warm oond voor jy dit kook.

*(Sarie Junie 2015)*

</td></tr>
</table>

For Examiner's Use

**5** Hoekom is rooster 'n goeie metode om 'n heel hoender gaar te maak?

............................................................................................................................ [1]

**6** Watter deel van die hoender kan op baie maniere gebruik word?

............................................................................................................................ [1]

**7** Op watter manier is die vleis van dye en boudjies dieselfde?

............................................................................................................................

............................................................................................................................ [1]

**8** Watter dele van hoendervleis kan gebruik word om aftreksel van te maak?

............................................................................................................................

............................................................................................................................ [2]

**[5]**

**Oefening 3: Vrae 9 – 12**

Lees die volgende koerantberig en beantwoord die vrae wat volg.

**Namibië, Frankryk saam in stryd teen klimaatsverandering**

Frankryk se minister van Ekologie, Volhoubare Ontwikkeling en Energie, me. Royal, was onlangs op besoek aan Namibië ter voorbereiding van die Verenigde Nasies se 21ste Konferensie oor Klimaatsverandering in Parys.

"Frankryk en Namibië deel die belang om ons planeet te red. Ons is saam in die stryd teen klimaatsverandering," het Royal gesê.

Royal het gesê dat hul doelwit is dat 195 lande en die Europese Unie 'n ooreenkoms moet sluit om te keer dat die temperature wêreldwyd met twee grade Celsius styg. Ander probleme wat verdere ontwikkeling oor 'n lang tydperk beïnvloed, is ook bespreek.

"As dié ooreenkoms nie gesluit kan word nie, sal die mensdom groot probleme kry op omgewingsvlak, sowel as sosiale en politieke vlak."

Sy het gesê Namibië kan homself nie beskerm teen klimaatsverandering nie, veral nie na die jarelange droogte nie. Namibië kan egter die eerste land in Afrika wees om selfonderhoudend te wees, deur hul eie krag te voorsien met herwinbare energie. Die sonkragaanleg by Omaruru, wat deur die Frans-Namibiese maatskappy InnoSun bestuur word, is 'n bewys daarvan.

"Dis 'n stap nader aan ander son- en windkragprojekte om skoon en goedkoop energie te produseer. Hierdie projek is 'n bewys van hoe sterk die moontlikheid is om Namibië se energiebronne te herwin. Namibië kan aan ander lande wys hoe om by te dra tot die groen ekonomiese ontwikkeling deur van alternatiewe energiebronne gebruik te maak."

Sy het samesprekings met die president, dr. Hage Geingob en verskeie wetenskaplikes van die Wêreldnatuurfonds, Namibië Natuurfonds, die Namibië Biodiversiteit Databasis en die Woestynnavorsingstigting gehad.

Me. Royal het 'n vlug oor die Namibiese kus en Namibwoestyn saam met van die wetenskaplikes onderneem. Sy het ook Suid-Afrika en Botswana besoek.

*(Aangepas en verkort uit Republikein, 5 Augustus 2015)*

For Examiner's Use

**9** Wat was die doel van me. Royal se besoek aan Namibië?

.......................................................................................................................... [1]

**10** Noem **een** rede waarom dit sleg sal wees as die hele wêreld se temperatuur met twee grade styg.

..........................................................................................................................

.......................................................................................................................... [1]

**11** Noem **een** soort natuurlike, skoon energie wat Namibië reeds gebruik.

.......................................................................................................................... [1]

**12** Hoe kan Namibië 'n voorbeeld stel aan ander lande op die gebied van herwinbare energie?

..........................................................................................................................

.......................................................................................................................... [2]

**[5]**

## AFDELING 2

**Oefening 1: Vrae 13 – 17**

Lees die volgende tydskrifartikel en beantwoord die vrae op die volgende bladsy.

Instruksies vir die beantwoording van elke vraag staan teenoor die nommer van die vraag op die volgende bladsy.



**Millie, die klouterkat**

**G'n** krans is te hoog vir Millie die slim bergklimmer nie. Nes enige kat is Millie gek oor klouter, spring en haar omgewing verken. Maar anders as die meeste katte klouter sy steil rotshange uit. Sy spring oor gevaarlike skeure, verken smal rotslysies en trotseer hoë bergkruine. **Haar eienaar, Craig Armstrong, het haar uit 'n diereskuiling gered. Die diereskuiling was al oorgehaal om Millie van kant te maak** toe Craig daar opdaag. Sy het dadelik sy hart gesteel. Nou is die twee onskeibaar en het Millie al van die moeilikste roetes afgelê. Craig vertel: "**Ek gaan soggens stap en dan draf sy agter my aan.**"

Maar sy weet gelukkig ook wanneer om op te hou. **Wanneer sy klaar is is sy klaar.** Soms word sy op 'n lysie vasgekeer en moet ek haar red. Sy het al geval, maar sy hou so baie van klim, dis moeilik om haar te keer.

*(Aangepas en verkort uit Huisgenoot 10 Julie 2014)*

For Examiner's Use

**13** Op watter ander manier kan die woord **g'n** geskryf word?

.......................................................................................................................... [1]

**14** Skryf die volgende sin in die **lydende vorm**.

Haar eienaar het haar uit 'n diereskuiling gered. Begin jou antwoord soos aangedui.

Sy ......................................................................................................................

.......................................................................................................................... [2]

**15** Skryf die volgende sin in die **ontkennende vorm**.
Die diereskuiling was al oorgehaal om Millie van kant te maak.

..........................................................................................................................

.......................................................................................................................... [2]

**16** Skryf die volgende sin in die **indirekte rede**.
Craig sê: "Ek gaan soggens stap en dan draf sy agter my aan."

..........................................................................................................................

.......................................................................................................................... [2]

**17** Skryf die volgende sin oor en vul die **ontbrekende leesteken** in.
Wanneer sy klaar is is sy klaar.

.......................................................................................................................... [1]

**[8]**

**Oefening 2: Vraag 18**

Lees die volgende advertensie en meegaande informasie. Voltooi die vorm op die volgende bladsy.

**Die reis van jou drome!!**

Bespreek nou plek op die MSC Sinfonia na die Portugese Eiland aan die kus van Mosambiek. Met plek vir 2 200 passasiers is dit die ideale blaaskans vir die hele gesin. Die MSC Sinfonia spog met drie restaurante, ’n drafbaan en ’n teater. Die pryse wissel van N$4 140 per persoon wat ’n binnekajuit deel tot N$6 520 per persoon in ’n kajuit met ’n see-uitsig. Kinders jonger as 18 jaar reis gratis indien hulle die kajuit met hulle ouers deel. Vir die prys kry jy drie nagte se verblyf en drie etes per dag.

Jou gesin wil in Desember op hierdie bootreis gaan. Jy gaan die bespreking namens jou pa, Deon Visagie, doen. Jou ma en jou 14-jarige tweelingsuster gaan albei saam. Om koste te bespaar, gaan julle ’n kajuit met ’n see-uitsig deel en slegs twee etes per dag eet. Al hou jy en jou suster van dans, verkies julle om gedurende die vakansie gereeld gimnasium toe te gaan. Julle sien ook daarna uit om na die films te kyk waarvoor julle nie gedurende die kwartaal tyd kry nie.

Jul adres is Angelierstraat 18, Karibib. Jou pa se e-posadres is deonvisagie@icon.na en sy selnommer is 081 2573 489. Hy sal met sy kredietkaart van FNB betaal.

For Examiner's Use

**MSC SINFONIA BOOTREIS**
**BESPREKINGSVORM**

Titel: ____________________

Naam: ____________________

Adres: ____________________

____________________

E-posadres: ____________________

Selnommer: ____________________

Aantal persone: ____ volwassenes ____ kinders

Onderstreep jou keuse: Binnekajuit Kajuit met see-uitsig

Merk met 'n regmerkie (✓):

Aantal etes per dag: ☐ twee ☐ drie

Geriewe wat u sal gebruik: ☐ gimnasium ☐ teater ☐ disko

Totale prys (trek deur waar nie van toepassing) N$8 280 N$13 040

Metode van betaling: ____________________

Bank: ____________________

**[7]**

**Oefening 3: Vraag 19**

Lees die artikel oor virtuele vriende en maak **’n opsomming** in paragraafvorm van **80 – 100** woorde oor **die voor- en nadele van virtuele vriende**.

**Wat virtuele vriende bied**

Rinel reken een van die voordele van virtuele vriende is dat dit op ’n manier makliker is om by mekaar uit te kom as in die werklike lewe. “Omdat die meeste van my virtuele vriende in ander tydsones val, is dit ’n geval van e-posse of boodskappe stuur en daarop antwoord wanneer jy kan. Die nadeel is natuurlik dat werklike-lewe-vriende jou prakties kan help met klein dingetjies, wat ’n groot hulp is, soos om gou jou wiskunde aan jou te verduidelik.”

Sy sê dat ’n nadeel van die werklike-lewe-vriende is dat mense dikwels sulke vol programme het, dat selfs al ken julle mekaar, jy eintlik ook maar net virtueel aandag aan die vriendskap skenk, omdat julle nooit by mekaar uitkom nie. “En in die werklike lewe stel dit ‘n mens teleur wanneer ander te besig is, terwyl ’n mens in die virtuele opset nie verwag dat iemand ‘beskikbaar’ moet wees nie.”

Lené voel ook een voordeel van virtuele vriende is dat hulle byna altyd gekontak kan word, terwyl werklike-lewe-vriende dikwels ’n beperking op hul beskikbaarheid het. Die nadeel van virtuele vriende is dat hulle soms meer in lewende lyf “daar” sou wees as jy deur ’n moeilike tyd gaan, maar nou kan hulle nie, sê Lené. “Daarteenoor is werklike-lewe-vriende daar – mits hulle nie te besig is nie.”

Sy glo wel die virtuele element van die vriendskap lei soms tot groter vrymoedigheid by mense: “Soms vertrou ’n mens jou virtuele vriende meer omdat jy hulle nog nooit in lewende lywe ontmoet het nie, of jy deel meer persoonlike goed omtrent jouself omdat jy nie daardie persoon in die oë hoef te kyk nie.”

Ook Monica ervaar hierdie groter openlikheid: “Ek vind ek gee meer van myself met my virtuele vriende. Ek weet nie of dit is omdat ’n mens dink jy sal hulle nooit ontmoet nie.” Een van die nadele van virtuele vriendskappe is dat mense makliker onnodige kommentaar op byvoorbeeld jou Facebook-muur kan skryf wat jou in die verleentheid kan stel, sê Monica.

“Werklike-lewe-vriende weet meer wat in die openbaar oor jou gesê of gedoen kan word.”

Ushan stem saam: “Ek dink mense bespreek dalk ’n probleem makliker met iemand wat hulle nie werklik ken nie, veral as hulle gesien het daardie persoon is simpatiek teenoor hulle.” Sy sê virtuele vriendskappe maak dit ook makliker om met baie interessante mense te gesels met wie jy nie normaalweg in kontak sou wees nie. “Ek gesels byvoorbeeld partykeer met ’n buitelander wat ’n skrywer is – ’n baie interessante mens. Hy skryf baie oor die politiek in sy land.”

*(Vrouekeur, 29 Mei 2015)*

For Examiner's Use

**Aantal woorde** ..............

**[10]**

## AFDELING 3

**Oefening 1: Vraag 20**

Die Graad 12's het pas die volgende uitnodiging ontvang. Jy en een van jou goeie maats bespreek julle planne vir die afskeid. Skryf jul gesprek in dialoogvorm in nie meer as **150** woorde nie.

Jan Swart

Word hiermee vriendelik uitgenooi na die

Graad 12-afskeid op 2 September 2017

Plek: Lapa Duinesig

Tyd: 18:30 vir 19:00

Drag: Formeel

RSVP: Voor of op 19 Augustus 2017

Die volgende kan ook in gedagte gehou word:

- saam met wie julle gaan
- hoe julle daar gaan kom
- wat julle van dié geleentheid verwag

For Examiner's Use

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................

..............................................................................................................................................................

**Aantal woorde.............**

**[10]**

**Oefening 2: Vraag 21**

Jy was vir ’n besoek aan een van Namibië se toeriste-aantreklikhede.

Maak ’n dagboekinskrywing waarin jy jou ervaring en gevoelens beskryf.

Jou skryfstuk moet ongeveer **100** woorde lank wees.

*For Examiner's Use*

**Aantal woorde** ..............

**[12]**

**BLANK PAGE**

**BLANK PAGE**

**BLANK PAGE**